## ARCADIA BONSMARAS SE ROL IN KARKASKOMPETISIES

Oor die jare is daar al baie geskryf oor redes waarom Bonsmaras die beesras is om mee te boer. Vandag wil ek egter een van die goeie redes beklemtoon met feite oor die laaste vier jaar se Nasionale Karkaskompetisies en hoe die Bonsmaras gevaar het. Kyk gerus hierna - dit spreek vanself. "Op die hoef" beoordeling van sekere groot skoue is ook ingesluit.

Ons as Telers se eindproduk is **VLEIS** (in die vorm van bulle of koeie se **kalwers**). Daar is 'n lang proses betrokke vanaf geboorte, speen, meeste kalwers in die voerkraal, dan aan die haak, dan in die slaghuis of supermark en dan as 'n uitsonderlike voedsame en smaaklike dis op ons verbruikers se bord.

Bonsmaras doen uitsonderlik goed op alle Vetvee skoue en die Nasionale Karkas Kompetisie onder beheer van SAMIC. Hier volg die lys van rasse en kruisings wat die afgelope vier jaar deel geneem het: Bonsmara, Bonsmara X ,Brahmaan, Brahmaan X, Bovelder, Santa, Santa X, Veldmaster, Simbra, Simbra X, Angus, Angus X, Beefmaster, Beefmaster X, Sussex, Sussex X, Brangus, Brangus X, Charolais X, Braford, Braford X, Hereford, Hereford X, Limousin, Limousin X, Symmons, Drakensberg X en Hugenoot. U kan sien dat dit bykans elke Vleisbees ras in Suid Afrika insluit.

Uit die afgelope 4 jaar se uitslae (net A grade) het die Bonsmaras as volg presteer (hierdie data is amptelik en gestuur deur SAMIC se Orpa Thirion – (012-3614545).

| **2010/2011** | | |
|---|---|---|
| **Aantal produsente deelgeneem** | **314** | |
| **Aantal diere ingeskryf** | **2479** | |
| | | |
| **ENKELKARKAS WENNERS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 2 | Bonsmara | L Hechter |
| 3 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 4 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 5 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| | | |
| **GROEP WENNERS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 3 | Bonsmara | Mora Plase – Freddie MacDonald |
| 4 | Bonsmara | GP de Kock |

| **2011/2012** | | |
|---|---|---|
| **Aantal produsente deelgeneem** | **191** | |
| **Aantal diere ingeskryf** | **1410** | |
| | | |
| **ENKELKARKAS WENNERS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 4 | Bonsmara | Freddie Scheepers |
| 5 | Bonsmara | Broer de Waal |
| 6 | Bonsmara | Ottowa Ranches |

| GROEP WENNERS | | |
|---|---|---|
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 2 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 3 | Bonsmara | Beefcor |
| 4 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 5 | Bonsmara | Freddie Scheepers |

| 2012/2013 | | |
|---|---|---|
| **Aantal produsente deelgeneem** | **279** | |
| **Aantal diere ingeskryf** | **2240** | |
| | | |
| **ENKELKARKAS WENNERS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmara | Kruger Bonsmaras |
| 2 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 3 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 5 | Bonsmara | Freddie Scheepers |
| | | |
| **GROEP WENNERS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 2 | Bonsmara | Kruger Bonsmaras |
| 3 | Bonsmara | F Hamman |
| 4 | Bonsmara | SP Olivier |
| 5 | Bonsmara | Freddie Scheepers |

| 2013/2014 | | |
|---|---|---|
| **Aantal produsente deelgeneem** | **278** | |
| **Aantal diere ingeskryf** | **2072** | |
| | | |
| **ENKELKARKAS WENNERS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 2 | Bonsmara | Freddie Scheepers |
| 4 | Bonsmara | Ottowa Ranches |
| 5 | Bonsmara | AJC de Kock |
| 6 – 10 | Bonsmara | |
| | | |
| **GROEP WENNERS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmara | J van Heerden |
| 2 | Bonsmara | Glen Voerkraal |
| 4 | Bonsmara | AJC de Kock |
| 5 | Bonsmara | SP Olivier |
| 6 – 12 | Bonsmara | |

Ek en Anél het die groot voorreg gehad om in November 2014 die Vetvee Skou op Jakkalskop by te woon. Wat 'n indrukwekkende en goed georganiseerde dag! Jakkalskop wen die afgelope paar jaar gereeld die prys vir die beste Vetvee skou in die land – baie geluk aan die organiseerders en deelnemers! Die aantal inskrywings (± 300 A-grade) van ENIGE Ras of Raskruising was verteenwoordig. Die beoordelaar was Willie de Jager ('n Santa-teler en 'n gekwalifiseerde beoordelaar) wat 'n baie moeilike taak gehad het om die plasings te doen en die wenners van elke kategorie aan te wys. Ek dink hy het 'n baie goeie dag gehad en was onpartydig en objektief. Die lekker vir ons was dat die Bonsmara amper

skoonskip gemaak het in elke afdeling! Dit, ten spyte van die feit, dat daar meer “ander kruisings” was as suiwer Bonsmaras!

Daar is 5 gewig kategorieë by hierdie skoue. Klas A: 340-380kg, Klas B: 381-400, Klas C: 401-420’ Klas D:421-440 en Klas E: 441-460 – lewende gewig. Die Bonsmara doen uitstekend in elke gewig kategorie maar domineer absoluut in die swaarder afdelings - en die plasings as wenners op die hoef was as volg – die Kampioen kan uit enige gewig kategorie kom.

Die 2014/2015 karkas seisoen is nog nie afgehandel nie maar as ons na individuele skoue kyk wat plaasgevind het vanaf Augustus 2014 – lyk dit soos volg:

| LENIESDEEL SKOU | | |
|---|---|---|
| **ENKEL KAMPIOEN KARKAS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| | | |
| **GROEPKARKAS** | | |
| 1 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 2 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 5 | Bonsmaras | Marius Hamman |

| JAKKALSKOP SKOU | | |
|---|---|---|
| **ENKEL KAMPIOEN KARKAS** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 2 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 3 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 4 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| | | |
| **GROEPKARKAS** | | |
| 1 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 2 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 3 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 4 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |

Hier is ook ‘n paar “op die hoef” uitslae wat ek kon kry:

| JAKKALSKOP SKOU | | |
|---|---|---|
| **ENKEL KAMPIOEN OP HOEF** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 2 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 3 | Bonsmaras | Freddie Scheepers |
| 4 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 5 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 6 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| | | |
| **GROEP KAMPIOEN OP HOEF** | | |
| 1 | Bonsmaras | Freddie Scheepers |
| 2 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 3 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 4 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |
| 5 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 6 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |

| LENIESDEEL SKOU | | |
|---|---|---|
| **ENKEL KAMPIOEN OP HOEF** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 2 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 3 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| | | |
| **GROEP KAMPIOEN OP HOEF** | | |
| 1 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 2 | Bonsmaras | Berco Bonsmaras |
| 3 | Bonsmaras | Ottowa Ranches |

| VERGELEë SKOU | | |
|---|---|---|
| **ENKEL KAMPIOEN OP HOEF** | | |
| **PLASING** | **RAS** | **PRODUSENT** |
| 1 | Bonsmaras | Frans Botma |
| | | |
| **GROEP KAMPIOEN OP HOEF** | | |
| 1 | Bonsmaras | Frans Botma |

Kyk gerus op ons webblad www.arcadiabonsmara.com vir die volledige Jakkalskop Vetveeskou 2014 – Uitslae op die hoef – vir elke gewig afdeling. Hier is die telers wat uitstekend gedoen het met Bonsmaras: Ottowa Ranches, Berco Bonsmaras, Freddie Scheepers en P.J. Haasbroek. 19 uit 25 "op die hoef" Kampioene was Bonsmaras!
Een ander klas was die beste agterkwart trio: 1 ste plek Freddie Scheepers, 3de Berco Bonsmaras, 4de Ottowa Rances.

Ottowa Ranches Bonsmaras is Neil Harvey en sy bestuurder Niel Fourie – naby Bray (0718890467)
Berco Bonsmaras is Bart en Frans Seevinck – Thlagameng - Vryburg (0823487533)
Freddie Scheepers van Freddie Scheepers Bonsmaras – Tosca (0824521512)
P.J. Haasbroek is Piet Haasbroek (Manie Bosch is sy bestuurder wat die kalwers voorberei) – Bray/Tosca
SP en Danie Olivier van Hotvoor Bonsmaras naby Vryheid gebruik ook "AG" genetika. (0836806326)

Net die laaste feit om u verder te oortuig dat die Bonsmara en Bonsmara kruise uitstekend doen m.b.t. die voer periode: 'n Kommersiële Voerkraal het kort gelede 300 Bonsmaras op 'n voer proef gehad – die gemiddelde groei van hierdie 300 kalwers was 2.61kg per kop per dag! Hierdie is nie 'n tikfout nie!! 2,61kg/kop/dag – oor 300 kalwers vir 81 dae – en die gemiddelde uitslag persentasie was 63% tot 65% (warm karkas massa) Slagpale trek 2-3% af en ons word betaal per kg. koue massa. Die bestuur, ontwerp en toesig by hierdie Voerkraal is uitstekend.

Hierdie Voerkraal se basis van hulle koeikudde is uit die "AG" bloedlyne en hulle hoof KI bulle is "AG" bulle!!

**Slotsom**

**AL hierdie boerderye gebruik uitsluitlik of hoofsaaklik "AG" BULLE – dit is hierdie bulle se kalwers wat so goed doen!!!**

U kan gerus hierdie inligting gebruik as u u kalwers bemark – ons vennote is die Voerkrale, en ons wil hulle nie konfronteer deur premies af te dwing nie, maar goeie Bonsmara kalwers

is verseker vir hulle ‘n goeie koop en u behoort ‘n goeie prys te kry. Wys hierdie inligting vir die aankoper of Voerkraal eienaar – hierdie is feite!!